# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 8 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 20 MAART 2026



APRIL:

27
TOERE BEGIN

SKOOL BEGIN
8

11
WESGROWLIGA: FHP(WEG)


Volg JF SOSIALE MEDIA


- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# Maart 2026

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 16<br>TOETSWEEK | 17<br>TOETSWEEK | 18<br>TOETSWEEK<br>HOKKIE: AJV<br>JF FJ | 19<br>TOETSWEEK | 20<br>WESGROWLIGA: WITTEBERG | **21**<br>Trompoppies: Kompetisie<br>Menseregtedag | 22 |
| 23<br>TOETSWEEK<br> | 24<br>TOETSWEEK | 25<br>TOETSWEEK<br>ATLETIEK: ASA | 26<br>TOETSWEEK | 27<br>TOETSWEEK<br>ATLETIEK: ASA<br>SKOOL SLUI | 28<br>HOKKIE TOER: George<br>ATLETIEK: ASA<br>NETBAL-TOERNOOI: FHP | 29<br>NETBAL-TOER George<br>VOORTREKKERS: Doornkloof |



# April

| MA | DI | WO | DO | VRY | SAT | SON |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 30<br>ATLETIEK: ASA<br>NETBAL-TOER George | 31 | 1<br>HOKKIE TOER: George | 2 | 3<br>GOEIE VRYDAG | 4 | 5 |
| FAMILIE DAG | 7 | 8<br>SKOOL BEGIN<br>HOKKIE: SVS PROEWE | 9<br>ATLETIEK: SA SKOLE | 10 | 11<br>NETBAL-MANGAUNG PROEWE | 12 |

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Met hierdie laaste weekbrief van die eerste kwartaal van 2026, **spreek ek die wens uit dat u 'n baie geseënde tyd agter die rug het.** Dit was 'n vol en besige program, maar die geleenthede wat vir die leerders en JF-gemeenskap geskep was om saam te speel en hard te werk was beslis die moeite werd. Ek wil **u bedank vir elke bydrae wat gelewer** is, of dit was om u kind te ondersteun, die middernagolie te brand in die toetsreeks, en of dit op finansiële gebied was. **Weet net ons waardeer dit ontsettend baie!**

**Baie sterkte aan al die die leerders wat JF hierdie vakansie op sporttoere gaan** verteenwoordig. Gaan geniet julself gate uit, speel hard, speel met ware sportmangees en gaan maak baie herinneringe. **Mag die Here jul almal veilig bewaar op ons land se paaie.** Baie dankie aan elke onderwyser wat as afrigter en.of spanbestuurder gaan optree. Jul opoffering vir ons JF-kinders gaan nie ongesiens verby nie en elke ekstra my myl wat gestap word, maak my net meer #TrotsJF.

Ek het ook 'n groot behoefte om aan elke onderwyser, administratiewe personeellid, terreinwerker, leerder, ouer en lid van die JF-gemeenskap dankie te sê dat **julle so inkoop op die droom om van JF 'n baken van hoop te maak in hierdie deurmekaar wêreld waarin ons leef.** Dit doen my **"groen"** hart goed om te sien hoe leerders begin groet, papiere optel, entoesiasties aan skoolgeleenthede deelneem, hard werk en hard oefen.


***Baie baie dankie!***

Ek glo u het al die **uitslae** van die afgelope kwartaal in die verskeie weekbriewe en op sosiale media gevolg. JF-leerders het op vele terreine hul staal gewys, en **ons is baie trots** op elkeen. Indien u nog nie Google Calender afgelaai het nie, doen dit asseblief? Dit gaan 'n groot bydrae lewer tot u daaglikse beplanning, veral met die tweede kwartaal se propvol program.

Ek lees die afgelope week in 'n Facebook plasing die volgende :

**"The chances of your child becoming a pro-athlete is 0,02% and the chance of your child standing one day in front of God, 100% "**

**Mag Paasfees 2026 vir u 'n besondere tyd saam met u geliefdes wees.** Ry veilig, bly gesond en kom terug sodat ons die tweede kwartaal van 2026 met nuwe ywer kan aanpak.



**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**

# 2025 HERMERK

Hoërskool Jim Fouché

## ONDERSKEIDINGS

~~271~~ 282

1 LEERDER
9 ONDERSKEIDINGS

8 LEERDERS
7 ONDERSKEIDINGS

3 LEERDERS
6 ONDERSKEIDINGS

11 LEERDERS
5 ONDERSKEIDINGS

12 LEERDERS
4 ONDERSKEIDINGS

13 LEERDERS
3 ONDERSKEIDINGS

12 LEERDERS
2 ONDERSKEIDINGS

35 LEERDERS
1 ONDERSKEIDING

*Baie geluk*


**LEWENSWETENSKAPPE**




Lisa Botha | Zanél Myburgh

**AFRIKAANS**

**VERBRUIKERSTUDIE**



Nadine Strydom | Zoë Yzel

**ENGELS**




Zeezo Pheiffer | Elri Pieters | JD van Zyl | Conrad vd Zwaard | Joshua van Zyl **AFRIKAANS** | Hanro Marais

#trotsJF

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

## Gelukkige Maatskaplike-werkersdag 2026

J waardeer julle baie.



*"There is no greater joy nor greater reward than to make a fundamental difference in someone's life."*

- Mary Rose McGeady

# TOETSROOSTER

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 23 Maart | Wiskunde | SW Gesk | Eng | **Fis Wet (2uur)** Kuns | **Wiskunde (2uur) Wisk G (1½uur)** |
| 24 Maart | Afr V2 | EBW | IGO | VBS prakties Musiek | Drama |
| 25 Maart | Eng V2 | Eng V2 | Lwet | Geo | **Besigheid (1½uur)** IT V1 |
| 26 Maart | NW opdrag | NW opdrag | IGO PAT | LWet | **Rek (1½uur)** |
| 27 Maart | | | | | LO |

## Leer hard en pluk die vrugte!

# JF-BL nooi u uit




# raak betrokke

# Finansies:

## Kwytskeldings 2026:

Die skool het groot hoeveelhede kwytskeldingsvorms terug ontvang en verwerk dit so spoedig moontlik. Die uitslag van volledig voltooide aansoeke, ontvang teen die sperdatum, sal nie later as 30 April 2026 op u rekening verskyn nie.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae by skoolfonds@jf.co.za.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Hoërskool Jim Fouché is 'n skoolfondsbetalende skool.
- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word tensy ouers gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is. Dit is daarom u as ouer se verantwoordelik ingevolge die Wet om skoolfonds te betaal.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief maandeliks u statutêre plig in dié verband na te kom en skoolfonds op datum te betaal.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

Die volgende insamelings sluit binnekort:

| Beskrywing | Sperdatum vir betaling |
|---|---|
| Fotopakette | 25 Maart 2026 |

## TOERE

Verskeie sporttoere vind plaas gedurende die April-vakansie.

Ons doen 'n **dringende beroep op u as ouer om die toergeld vóór aanvang van die toer ten volle te vereffen** aangesien die skool die verblyf-, toernooi- en vervoerkoste asook die etes voor aanvang van die toer betaal.

Toere kan via die Karri-toep, EFT of met 'n kaart by die skool betaal word. Dit is baie belangrik dat u die korrekte verwysing gebruik wanneer u met 'n EFT betaal – **verwysings word in die onderskeie toere se briewe uiteengesit.**

## Skoolfonds 2026:

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansies kantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer.

Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Ons doen 'n beroep op u om u staat gereeld te kontroleer en enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag te bring.

*Kontak asb. vir Christelle Swanepoel by finans@jf.co.za vir enige navrae of indien u nie maandeliks u rekening per e-pos ontvang nie.*

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za.**



# BESTEL NOU VIR DIE SEISOEN




karri
POWERED BY NEDBANK




#trotsJF

WWW.JF.CO.ZA



# MA'S WAT OMGEE

**"MOENIE BANG OF MISMOEDIG WEES NIE, WANT DIE HERE IS DIE EEN WAT VOOR JOU UITGAAN.HY SAL BY JOU WEES. HY SAL JOU NIE IN DIE STEEK LAAT NIE EN JOU NIE VERLAAT NIE."**

Deut. 3:8

DANKBAARHEID

# Waardes

## Dankbaarheidsterapie

Raak bewus van die verandering in die natuur en klimaat om jou. Alle dinge in die natuur verander konstant, so ook jy en die seisoene van jou lewe.

Omhels verandering!

God is daar in die dorheid, die nuwe begin en ook in die besige en vrugbare tye, in ál die veranderende kleure van die lewe.

Hou jou liggaam sterk met gesonde kos en oefening, want jou liggaam is die instrument waarmee jy jou Skepper verheerlik.

Eet stadig en met dankbaarheid. Geniet die aromas, teksture en smake. Drink elke oomblik van jou lewe in!

*Loof die Here, want Hy is goed, sy goedertierenheid is tot in ewigheid.*

**1 Kronieke 16:34**

*God is daar in die dorheid, die nuwe begin en ook in die besige en vrugbare tye*

Dankbaar

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

LOO

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# DIE BREIN EN LEER:
## TROTSEER SÓ DIE TOETSREEKS

Die eerste kwartaal se toetsreeks het aangebreek en die leerders moet voorberei vir belangrike assesserings. Om effektief te kan leer is dit noodsaaklik om te verstaan hoe die brein tydens die leerproses werk en hoe kennis en inligting gestoor word.

Die menslike brein is ‘n komplekse stelsel wat verantwoordelik is vir kognitiewe prosesse soos denke, geheue, konsentrasie en probleemoplossing. Die brein bestaan uit miljarde senuweeselle, bekend as neurone, wat met mekaar kommunikeer deur middel van elektriese en chemiese impulse. Wanneer ‘n leerder nuwe inligting bestudeer, word verbindings tussen hierdie neurone gevorm en versterk, wat die herroeping van inligting vergemaklik.

Navorsing het bewys dat persone slegs 25% van alle inligting wat hulle vir die eerste keer hoor of lees onthou. Hersiening en herhaling van inligting is dus noodsaaklik. Wanneer inhoud oor ‘n tydperk herhaaldelik bestudeer word, word die neurale verbindings in jou brein versterk, wat die herroeping van inligting vergemaklik. Inligting word ook weens herhaling van jou korttermyngeheue na jou langtermyngeheue verskuif.

Aktiewe leer vorm ‘n verdere belangrike komponent van effektiewe studie. Hierdie benadering vereis dat leerders aktief betrokke raak by die studiemateriaal deur onder andere opsommings te maak, kernbegrippe te identifiseer, konsepte te verduidelik en vrae te beantwoord. Deur aktief met die inhoud te werk, word die begrip van die leerstof verdiep.



*Aktiewe leer vorm ‘n belangrike komponent van effektiewe studie*




Visuele leerstrategieë kan ook ‘n betekenisvolle bydrae tot effektiewe leer bied. Die gebruik van diagramme, breinkaarte, grafieke en kleurkodering help om inligting op ‘n gestruktureerde en georganiseerde wyse voor te stel. Aangesien die brein visuele inligting vinnig verwerk, kan hierdie hulpmiddels die begrip en onthou van konsepte vergemaklik.

Rus en slaap is van groot belang vir optimale breinfunksionering. Gedurende slaap word die inligting wat gedurende die dag geleer is, deur die brein verwerk. ‘n Gebrek aan voldoende slaap kan konsentrasie, geheue en kognitiewe prestasie negatief beïnvloed.

Deur gebruik te maak van toepaslike studiemetodes en verskillende strategieë, soos gereelde hersiening, aktiewe leer, visuele hulpmiddels en voldoende rus toe te pas, kan leerders hulle akademiese prestasie bevorder en die toetse met selfvertroue benader.

Ten slotte ‘n aanhaling deur Benjamin Franklin:


*“An investment in knowledge pays the best interest.”*

# Atletiek




Baie geluk aan die volgende atlete wat gekies is vir die ASA SAS-span wat van 26-28 Maart in Germiston gaan deelneem.

Franzelle Barnard
Jan-Harm Siebert
Maruné Dreyer
Neldri du Toit
Anri Rautenbach
Ruan Kruger
Danell Oelofse
Joshua Oosthuizen
Kagisho Leshotho(TUIS)



#trots

# Atletiek



**Vrystaat Atletiekkampioenskappe**

## 1ste plekke:

Franzelle Barnard – Dogters o.15 hoogspring – 1.65 m
Joah de Villiers – Seuns o.15 driesprong – 11.84 m
Neldri du Toit – Dogters o.17 hamergooi – 51.39 m
Zanelle Carelzen – Dogters o.17 spiesgooi – 36.93 m
Anri Rautenbach – Dogters o.17 hoogspring – 1.71 m
Ruan Kruger – Seuns o.17 gewigstoot – 14.83 m
Hanel Browne – Dogters o.19 verspring – 5.02 m
Hanel Browne – Dogters o.19 driesprong – 10.62 m

## 2de plekke:

Annebelle Traut – Dogters o.14 diskus – 32.15 m
Joah de Villiers – Seuns o.15 verspring – 6.27 m
Jan-Harm Siebert – Seuns o.15 hoogspring – 1.75 m
Jan-Harm Siebert – Seuns o.15 100 m hekkies – 00:15.16
Miné Kriek – Dogters o.17 driesprong – 9.59 m
Vincentia Nghonyama – Dogters o.17 verspring – 4.56 m
Ruan Kruger – Seuns o.17 hamergooi – 52.61 m
Kagisho Lesdhotho – Seuns o.17 200 m – 00:22.17
Danell Oelofse – Dogters o.19 3000 m hindernis – 12:25.52

## 3de plekke:

Simoné du Toit – Dogters o.16 spiesgooi – 32.22 m
Annebelle Traut – Dogters o.14 gewigstoot – 11.50 m
Larisa Labuschagne – Dogters o.16 gewigstoot – 12.19 m
Janey Grace Jacobs – Dogters o.14 spiesgooi – 32.19 m
Tiaan Buys – Seuns o.19 gewigstoot – 12.64 m
Tiaan Buys – Seuns o.19 hamergooi – 37.52 m

#trots

Neldri du Toit eindig 35ste onder die top 50 atlete tydens die Vrystaat Atletiekkampioenskappe vir Dogters o.17 hamergooi met 'n afstand van 51.39 m.

6de

**Jim Fouché eindig algeheel 6de tydens die Vrystaat Atletiekkampioenskappe.**
**Baie geluk aan elke atleet wat deelgeneem het tydens die Vrystaat Atletiekkampioenskappe!**

Ons speel om te *wen*

Nie vir die *glorie* nie,

maar vir die *trots*

van my skool.

# Jim Fouché

Met oorgawe, maar gedissiplineerd.

Vir die *kameraadskap*

wat deur elke oefening en elke punt

*opgebou* word.

Om elke wedstryd, hoe onbelangrik ook al,

die *beste* geleentheid te maak.

Met ons oë gerig op die *wenstreep,*

ons *harte,*

gerig op *God.*

Michelle le Roux Hokkie kaptein 2000

# DIE OPTREDE VAN 'N JF-TOESKOUER



**TOESKOUERS BEHOORT:**

- te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle plesier.
- goeie individuele vertonings deur alle spelers en spanne te erken.
- beslissings deur skeidsregters en wedstrydbeamptes te eerbiedig.
- NOOIT enige speler, beampte, mede-toeskouer of afrigter verbaal aan te val of af te kraak nie.
- alle spelers positief aan te moedig.
- nie op ‘n speler te skree nie, skree vir hom.
- alle spelers, ongeag die span waarvoor hy speel aan te moedig .
- nie spelers af te kraak nie.
- te onthou dat ons slegs besig is met ‘n spel – dit is nie ‘n oorlog of 'n provinsiale wedstryd of 'n toets nie.

**Samevattend:**

**Die skool ondersteun ‘n effektiewe en goedbeplande program waar opvoedkundige waardes teen die agtergrond van gesonde kompetisie kan realiseer.**
**Die skool erken, soos hierbo uiteengesit, die impak van ouerondersteuning, mits dit versoenbaar is met die doelwitte van sport op Hoërskoolvlak.**
**Die skool verwerp dus enige emosionele en onaanvaarbare optrede wat strydig is met bogenoemde oortuigings en keur sodanige optredes ten sterkste af.**

# WES grow REEKS 2026

Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet

**8 Skole. 1 Reeks. 1 Kampioen.**

## SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

# PROGRAM

### 14 MAART
- GV vs JF
- WITT vs SENT
- TRIO vs DHS
- BVHS vs FHP

### 20 MAART
- SENT vs GV

### 21 MAART
- JF vs WITT
- DHS vs BVHS
- FHP vs TRIO

### 11 APRIL
- FHP vs JF

### 18 APRIL
- FHP vs SENT
- GV vs TRIO

### 25 APRIL
- WITT vs GV

### 1 MEI
- TRIO vs BVHS

### 1 MEI
- SENT vs DHS
- TRIO vs BVHS

### 9 MEI
- SENT vs DHS
- TRIO vs BVHS

### 16 MEI
- DHS vs FHP
- SENT vs JF
- GV vs BVHS
- WITT vs TRIO

### 23 MEI
- JF vs DHS
- BVHS vs WITT

### 25 JULIE
- BVHS vs JF
- DHS vs GV
- TRIO vs SENT
- FHP vs WITT

### 1 AUG
- WITT vs DHS
- GV vs FHP
- JF vs TRIO
- SENT vs BVHS




WES grow

# REEKS 2026

Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet

vkb · WES grow EST.1964 · novus media community news

skilltracer · UFS

8 Skole. 1 Reeks. 1 Kampioen.


SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026
WES grow
EST.1964
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
VS
PERSEQUOR
HOËRSKOOL WITTEBERG
20 & 21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
UFS
SUPERSPORT
SCHOOLS
novus
skilltracer
vkb
KONICA MINOLTA

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## BEPALINGS : HOKKIE

## JF - ASTRO

| TYD | SPAN |
|---|---|
| 08:00 | o. 16B-seuns |
| 09:00 | o. 16A-seuns |
| 10:00 | o. 16B-dogters |
| 11:00 | o. 18B-dogters |
| 12:00 | Eerste span (seuns) |
| 13:00 | o. 18B-seuns |
| 14:00 | o. 14A-seuns |
| 15:00 | o. 14B-dogters |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

20 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## BEPALINGS : HOKKIE

## JF - ASTRO

| TYD | SPAN |
| --- | --- |
| 13:00 | o. 14A-dogters |
| 14:00 | o. 16A-dogters |
| 15:00 | Eerste span (dogters) |
| 16:00 | o. 18C-dogters |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## BEPALINGS : RUGBY

| TYD | A - VELD | B - VELD |
|---|---|---|
| 9:00 | o. 16A | Derde span |
| 10:10 | o. 15A | o. 14B |
| 11:20 | Tweede span | o. 16B |
| 12:30 | o. 14A | o. 15B |
| 13:40 | Eerste span | |



skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## BEPALINGS : NETBAL

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 9:00 | o. 19A | o. 16B | o. 15B | o. 14C |
| 09:40 | | o. 19D | o. 15D | |
| 10:20 | o. 16A | o. 19C | o. 14A | o. 14D |
| 11:00 | o. 17A | o. 15A | o. 14B | o. 15C |
| 11:40 | o. 19B | o. 19E | | |



skilltracer vkb UFS novus


SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026
wes grow
EST.1964
GOUDVELD - HOËRSKOOL
WELKOM
WERK
VS
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
GOUDVELD - HOËRSKOOL
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
GOUDVELD - HOËRSKOOL
10 - 17 MAART 2026
UFS
SUPERSPORT
SCHOOLS
novus
skilltracer
vkb
WESTVAAL
WELKOM
ISUZU

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL

10 - 17 MAART 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## UITSLAE : RUGBY

| | | |
|---|---|---|
| 10 | 1STE SPAN | 35 |
| 7 | 14 A | 39 |
| 10 | 14 B | 24 |
| 8 | 15 A | 40 |
| 5 | 16 A | 15 |
| 19 | 2des | 64 |
| 7 | 3des | 19 |
| 19 | 16 B | 15 |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL

10 - 17 MAART 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## UITSLAE : NETBAL

## 1STE SPAN EN O/14A SPEEL 17 MAART

| | | |
|---|---|---|
| 13 | 14 B | 8 |
| 4 | 14 C | 25 |
| 12 | 15 A | 32 |
| 2 | 15 B | 37 |
| 0 | 15 C | 37 |
| 11 | 16 A | 27 |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL

10 - 17 MAART 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## UITSLAE : NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 3 | 16 B | 21 |
| 7 | 17 A | 31 |
| 2 | 4de | 35 |
| 8 | 3de | 36 |
| 10 | 2de | 27 |
| 13 | 16 C (GV) vs 5de (JF)<br>Vriendskaplik | 20 |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL

10 - 17 MAART 2026

GOUDVELD - HOËRSKOOL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

WES grow

UITSLAE HOKKIE

## DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 0 | 1STE SPAN | 4 |
| 0 | 14 A | 0 |
| 3 | 14 B | 1 |
| 1 | 16 A | 2 |
| 0 | 16 B | 3 |
| 1 | 3de | 1 |
| 0 | 2de | 4 |

## SEUNS

| | | |
|---|---|---|
| 0 | 1STE SPAN | 5 |
| 0 | 14 A | 8 |
| 0 | 16 A | 7 |
| 0 | 2de | 11 |

SPELER VAN DIE WEDSTRYD

# 1STE HOKKIE SEUNS



## EBEN SANDER

SPELER VAN DIE WEDSTRYD

# 1STE HOKKIE DOGTERS



## MINKE LABUSCHAGNE (O/K)

# JF-HOKKIE
## Oos-Londen

### o. 18A-SEUNS
### TONY GODDING FESTIVAL

**JF VS. ELDORAIGNE**
Doele: Eben Sander (2),
Jandré Spies (2), Jayden Barlow (2)
Eindtelling: 6 - 0

**JF VS. SELBORNE**
Doele: Francois Wilken , Werleo
Deetlefs, Jandré Spies
Eindtelling: 3 - 5

**JF VS. ST. ANDREWS GHT**
Doele: Francois Wilken
Eindtelling: 1 - 5

**JF VS. QUEENS COLLEGE**
Doele: Jandré Spies (2), Jayden Barlow
Eindtelling: 3 - 3

### o. 18A-DOGTERS
### GREG BELING FESTIVAL

**JF VS. KINGSWOOD COLLEGE**
Doele: Masego Phala (2), Charné
Cloete, Carla Bastone
Eindtelling: 4 - 4

**JF VS. VOLKSKOOL**
Doele: Mikayla du Toit (2), Minke
Labuschagne
Eindtelling: 3 - 1

**JF VS. CAMBRIDGE**
Doele: Masego Phala, Minke
Labuschagne (3), Mikayla du Toit (3)
Eindtelling: 7 - 1

**JF VS. UNION**
Doele: Mikayla du Toit, Carla
Bastone (2), Minke Labuschagne
Eindtelling: 4 - 3



# KULTUUR

## DANS

## *Carla Smit*

Carla het by die *All Black Freestyle Festival* in Bloemfontein die volgende plekke behaal:

1ste - *17/O Disco Solo*
1ste - *17/O Disco Slowdance*
1ste - *Level 6 Syllabus Slowdance*
1ste - *Level 6 Syllabus Freestyle*
1ste - *16/O Prem Champ Slowdance*
3de - *16/O Prem Champ Freestyle Solo*

By die *Prestige Awards* het Carla 'n Nasionale en Provinsiale Meriete-toekenning vir *Disco Solo* en *Disco Slow Dance* ontvang. Sy het ook gekwalifiseer om Suid-Afrika by die *Freestyle* Wêreldkampioenskappe wat van 26–28 Junie 2026 in Blackpool, Engeland (VK) plaasvind te verteenwoordig, asook by die *IDO Disco Dance* Wêreldkampioenskappe van 12–15 September 2026 in Örebro, Swede. Met hierdie prestasie het sy ook haar Protea-kleure ontvang.



## *AJ Theron & Danie Lotriet*

# BUITESPORT

## DRIEKKAMP

AJ (o. 17) en Dian (0. 15) het Suid-Afrika op 8 Maart 2026 by die *2026 Africa Triathlon Junior Cup Ebotse* in Benoni verteenwoordig.

<u>AJ</u> behaal 'n 24ste plek in die Elite Junior Mansafdeling.

<u>Dian</u> behaal 'n 6de plek in Suid-Afrika en 'n 9de plek in Afrika in die 14–15 jaarouderdomsgroep .



Oester JF


Die storie agter die stories

Volg ons op

# EERSTE KRIEKETSPAN BEREIK GROOT HOOGTES




Op Dinsdag, 3 Maart 2026, het drie matrikulante hul laaste ligawedstryd vir die eerste span gespeel: Niel Wilken (123 wedstryde), Christiaan Odendaal (85) en Cobus Wilken (125).



Skrywer:
-Theani Botha

Julle het JF met trots verteenwoordig en 'n reusebydrae tot JF-krieket se suksesvolle 2025.26-seisoen gelewer.

Dit is nie elke seisoen wat ons eerste krieketspan die eindstryd haal nie – maar vanjaar het hulle dit reggekry. Ná 'n reeks sterk vertonings en harde werk deur die seisoen, het die span hul plek in die eindstryd teen Grey verdien. Om tot by hierdie stadium van die kompetisie te vorder is reeds 'n prestasie op sy eie, en getuig van die span se deursettingsvermoë en toewyding.

Die eindstryd het vir groot opwinding gesorg, nie net op die veld nie, maar ook langs die kantlyn. Ondersteuners het spesiaal opgedaag om die span aan te moedig. Met gees, entoesiasme en kreatiewe plakkate – selfs netjies gelamineer – het hulle 'n fantastiese atmosfeer geskep wat die spelers se motivering net verder aangevuur het.

Die wedstryd self was intens en spanningsvol, met beide spanne wat alles gegee het. Hoewel Grey uiteindelik met die trofee weggestap het, verander dit niks aan die feit dat ons span 'n indrukwekkende pad tot by die eindstryd gestap het nie. Hulle het deur die seisoen karakter, spanwerk en vasberadenheid getoon, en het hul skool met trots verteenwoordig.

"Ek dink dit is vir ons as span 'n groot prestasie om weer in die finaal te speel. Ons het hard gewerk en uithouvermoë nodig gehad ná 'n lang seisoen, maar ons het vasgebyt deur die moeilike tye en saamgestaan," het Franco de Necker, die onderkaptein, ná die wedstryd gesê.

Hoewel die trofee nie vanjaar huis toe gekom het nie, het die span bewys dat hulle met die beste kan meeding. Hierdie seisoen sal onthou word vir die harde werk, die sterk spanband en die trots waarmee die eerste krieketspan hul skool verteenwoordig het. Die toekoms lyk beslis belowend vir JF-krieket.


SAAI OM TE OES
Oeste
Die storie agter die st
OPE AG
Kulti
https:..www.jfoester.co.za.

# BLOEMFONTEIN – KINDERTEATER VERTONING




Op 28 Maart 2026 keer die verspotte storie deur Martin Schwella, Georgie se Radio, terug op die verhoog!

Georgie is 'n apie wat mal is oor musiek en dans... dis sy ding! Maar wat gebeur wanneer die ander diere met hom te doen kry?

Kom vind uit in hierdie skreeu-snaakse verhoogproduksie vir kinders!

Schink Stories bied aan: Georgie se Radio – 'n kinderteaterproduksie vol humor, musiek en dans.

## GEORGIE SE RADIO IS TERUG!

**28 Maart 2026**
**Vertoning 1: 09:00**
**Vertoning 2: 11:00**
**Doxa Deo Bloemfontein Suid**

Daar sal ook Schink Stories-geskenke te koop wees.

Koffie vir die ouers en

Gesigverf

**Bespreek nou by Webtickets:**
**https:..www.webtickets.co.za.event.aspx?itemid=1588593774**

*Sien julle daar!*


HET JY AL JOU NUWE JF-PIN?
R80
Bestel en betaal op Karri
karri
POWERED BY NEDBANK

# JF-OPE-AAND



## Gr. 7 Ouerinligtingsaand

### Dagboek die datum

# 20 APRIL 2026

## JF-SKOOLSAAL 18:00

www.jf.co.za
0515021760
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN

**SIEN JOU DAAR!**

BRING JOU OUERS SAAM!

# Hoërskool Jim Fouché

# WIL JY ADVERTEER BY JF?




## ADVERTENSIEBORD-SPASIE BESKIKBAAR

Vir meer inligting kontak:

MERICKE ERASMUS
BEMARKING@JF.CO.ZA
063 202 6387